

'n Veerkragvrou kan ligvoets bou

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* definieer die woord *ligvoets* as “met ligte, ratse gang”. *Lig* beteken in hierdie konteks “wat maklik of met vaardigheid beweeg”, terwyl *rats* soos volg gedefinieer word: “Wat op ’n atletiese, flinke en baie vaardige en veerkragtige manier beweeg, of wat moeilike bewegings maklik en met grasia uitvoer, of wat van flinke, vaardige en veerkragtige bewegings getuig.” Die konsep van veerkragtigheid maak dus as ’t ware deel uit van die onderbou van die woord *ligvoets*. *Veerkragtigheid*, en hiermee sal ek met die woordeboekles volstaan, is “die vermoë om vinnig van teenspoed, ongesteldheid of leed te herstel, of om maklik by veranderende omstandighede aan te pas”.

En juis dít is die doring in ons vlees, nie waar nie: daardie vermoë om maklik by veranderende omstandighede aan te pas. Want ons hou nie van verandering nie. Ons hou van dít wat bekend en gemaklik is. Ons gemaksone. En ’n gemaksone is, op die keper beskou, ’n pragtige plek, soos die bekende Australiese fotograaf Gina Milicia dit stel. Wanneer jy in jou gemaksone woon, is daar min teleurstellings. Jy weet presies wat jy elke dag doen, en jy voel heeltemal bevoeg om dit te doen. Die lewe is voorspelbaar. Die probleem is egter, sê Gina, niks groei in jou gemaksone nie. Om jou gemaksone te verlaat, verg moed.

Iets wat dit egter makliker maak om uit jou gemaksone weg te breek, is passie. Maar dit is ook ’n moedige stap om jou passie uit te leef. Want die wêreld het verwagtinge van jou – veral van ons as vroue. Jy is slim, waarom gaan studeer jy nie medies of regte of rekeningkunde nie? Waarom tálé? Wat gaan jy met tale maak? As jy egter jou oë en ore sluit vir die wêreld se vooropgestelde idees van wie jy behoort te wees en die passie volg wat God in jou hart geplaas het, gaan jou eie oë oop vir moontlikhede waarvan jy nie bewus was nie. Ek sou nie as agtienjarige kon droom dat ek eendag my doktorsgraad in Afrikaans sou behaal of eendag by die oudste woordeboek in Afrikaans sou werk nie. Ek was nie die slimste leerder in my skool of selfs in my jaargroep nie. Ek was beslis ook nie die slimste student op kampus nie. Maar omdat ek my passie vir tale gevolg het, was dit nie moeilik om te sit en studeer wanneer ander studente uitgegaan en gekuier het nie, of om deur te druk met ’n kursus of module wat uitdagend was nie. Pliigsgetrouheid en deursettingsvermoë raak net soveel meer haalbaar wanneer jy besig is om jou passie uit te leef.

Maar die lewe is nie altyd rosegeur en maanskyn nie. Daar is dae wanneer passie nie eens genoeg is om ons aan die gang te hou nie. En dis menslik. Op sulke dae gaan kyk ek graag na my vriendin Afrikaans. ’n Taal is by uitstek veerkragtig. ’n Taal wat nie kan aanpas by veranderde omstandighede nie, sterf uit. Afrikaans is as ’t ware gebore uit ’n situasie van veranderlikheid: mense van Afrika, Europa en die Ooste het almal uit hulle gemaksones beweeg, of is daaruit geruk, en om aan te pas by hulle veranderende omstandighede, het hulle ’n nuwe taal ontwikkel om met mekaar te kommunikeer: Afrikaans. Oor die jare moes Afrikaans telkens teenspoed in die gesig staar en aanpas om te kon oorleef. Toe die Engelse regering Suid-Afrika probeer verengels het, het Afrikaanssprekendes hulle eie Afrikaanse koerante, skole en kerke gestig. In die Kaapse madrassas is daar lesse in Afrikaans gegee, op Genadendal is Afrikaans in *De Bode van Genadendal* gedruk, en hier in die Paarl is die Genootskap van Regte Afrikaners gestig in reaksie op ’n behoefte om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat Afrikaans in 1925 as amptelike taal erken is. ’n Jaar later is daar met die samestelling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* begin – een van die omvattendste en langslopende projekte in en vir Afrikaans. Vir dekades daarna het Afrikaans ’n bloeityd beleef – woordeboeke is saamgestel, terminologie is ontwikkel, literatuur is geskep. Maar in 1994 sou Afrikaans weer voor ’n uitdaging gestel word: Afrikaans sou nou nie meer net een van twee amptelike tale wees nie, maar een van 11. Dit het uiteraard finansiële implikasies vir Afrikaans gehad. Maar weer het Afrikaans aangepas. Die sprekers van Afrikaans het hand in eie sak gestee om ’n woordeboek soos die WAT, wie se staatsbefondsing dramaties ingekort is, aan die gang te hou. Toe Afrikaanse skole moes

verengels, het die privaat sektor Afrikaanse skole op die been gebring. Ook die vermaaklikheidsbedryf het met nuwe ywer in Afrikaans geskep.

Die afgelope aantal jare is daar toenemende tot die besef gekom dat daar 'n groot groep Afrikaanssprekendes is van wie daar tydens apartheid vergeet is. In 'n tyd waar Afrikaans toenemend onder druk geplaas word deur sekere politici en waar Afrikaanse ouers toenemend hulle kinders in Engels grootmaak, kan die Afrikaanse gemeenskap nie meer bekostig om verdeeld te wees nie. As Afrikaans wil voortgaan om veerkragtig te wees, moet ons as sprekers van die taal saamstaan en mekaar omarm.

En dit bring my by die een belangrike les wat Afrikaans my oor veerkragtigheid leer: veerkragtigheid vereis aksie. Wat was die reaksie telkens wanneer Afrikaans voor uitdagings te staan gekom het? Afrikaanssprekendes het gebou.

Om saam te vat: As jy teenspoed in die gesig staar, gebruik jou godgegewe passie en bou. Dit is, in my persoonlike ervaring, asook wat ek van Afrikaans geleer het, die sleutel tot veerkragtigheid.

Gerda Odendaal

REDAKTEUR VAN DIE WAT